FEB 24

VOLLE EVANGELIE KERK VAN GOD

BEDIENING STATUS

AANSOEKVORM

NAAM VAN APPLIKANT:

_____

RANGORDE VAN DIE BEDIENING IN DIE VOLLE EVANGELIE KERK VAN GOD IN SUIDELIKE AFRIKA EN VERWANTE KWALIFIKASIES

Die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika maak voorsiening vir die bediening van beide mans en dames in voltydse en deeltydse hoedanigheid.

Die Nasionale Keurraad, die Ministeriële Komitee van die Streek en die plaaslike Kerkraad word deur die Uitvoerende Raad gemagtig om kandidate te eksamineer om te bepaal of die kandidaat voldoen het aan die minimum geestelike en akademiese standaarde van die Kerk vir toelating tot die onderskeie kategorieë van bedieningsstatus. Dit moet deur alle applikante vir die onderskeie kategorieë van bedieningsstatus in die Kerk opgelet word dat enige keuringsliggaam van die Kerk (vanaf die vlak van die plaaslike Kerkraad tot dié van die Nasionale Keurraad), kan weier om die aansoek van enige applikant aan te beveel, wat sal veroorsaak dat sodanige aansoek as afgekeur beskou sal word. Verder, dat onder geen verpligting staan om aan enige applikant wie se aansoek afgekeur word, die redes vir afkeuring van die aansoek te verwittig nie. Met ondertekening van hierdie aansoekvorm vrywaar die applikant die Kerk en sy onderskeie keuringsliggame van enige verpligting om enige inligting aangaande die goedkeuring of afkeuring van enige aansoek te openbaar.

Dit moet deur alle applikante tot die bediening duidelik verstaan word dat in terme van die Grondwet van die Kerk, die Kerk onder geen verpligting staan om op grond van enige vereiste opleiding, proeftydperk of tydperk van voorbereiding, enige persoon te aanvaar, goed te keur, te orden of in enige status hoegenaamd aan te stel nie. Verder, dat aanvaarding tot enige status in die bediening van die Kerk geensins enige finansiële verpligting vanaf die Kerk se kant impliseer nie.

Persone wat in diens van die Kerk staan, hetsy voltyds of deeltyds, verklaar met hierdie aansoek dat hulle aan ‘n Goddelike roeping op hulle lewens voldoen en geensins beskou word as “werknemers” van die Kerk soos in die “Wet op Basiese Diensvoorwaardes” voorgestel nie. As Diensknegte (maagde) van die Here word hulle dus as “Vrywillige Werkers” in die Kerk beskou wat vir hulle dienste besoldig mag word uit die “tiendes en offergawes” van die gemeentelede en aanhangers soos wat fondse beskikbaar mag wees. Geen “Werknemer/Werkgewer” verhouding sal dus deur hierdie ooreenkoms ontstaan nie. Enige diensooreenkoms of kontrak wat deur enige plaaslike kerkraad met hulle pastoor (ore) aangegaan word wat in konflik is met bogenoemde of enige ander konstitusionele bepaling van die VEK sal dus op geen party bindend wees nie.

STATUSSE:-

1. PLAASLIKE PREDIKER

Om vir hierdie status te kwalifiseer, moet die applikant (manlik of vroulik), aansoek doen by hul plaaslike pastoor en indien hy/sy dit goedkeur, moet die aansoek deur die plaaslike kerkraad aanbeveel word na die betrokke Streeksraad vir oorweging en finale aanvaarding.

Die applikant moet beskik oor 'n deeglike kennis van die Woord van God en 'n beproefde vermoëe" om te kan bedien.

Aansoek moet op die voorgeskrewe aansoekvorm, wat vanaf die Kerk se Hoofkantoor verkrygbaar is, gedoen word.

Aanstelling is slegs vir een jaar geldig, maar die applikant kan jaar na jaar weer aangestel word, indien sy/haar plaaslike pastoor die aansoek vir heraanstelling onderskryf.

Indien die pastoor van 'n plaaslike prediker die betrokke gemeente verlaat, verval die status van die plaaslike prediker en kan dit alleenlik weer herstel word, indien die nuwe pastoor gewillig is om sy/haar aansoek te onderskryf.

Geen voorgeskrewe studiekursus word vir 'n plaaslike prediker bepaal nie, maar die Streeksraad kan na hulle goeddunke enige studies voorskryf indien hulle dit gerade ag.

'n Plaaslike prediker staan direk onder die plaaslike pastoor se toesig en kan alleenlik op die plaaslike Kerkraad dien, as die Kerkraad hom/haar daartoe uitnooi.

'n Plaaslike prediker is 'n bona fide - stemgeregtigde lid van die Streeksraad en van die Algemene Raad van die Kerk.

'n Plaaslike prediker moet die tiende van sy/haar inkomste by sy/haar plaaslike kerkraad inbetaal.

'n Plaaslike prediker is nie 'n heeltydse prediker nie, en mag dus in sekulêre werk verkeer.

'n Persoon moet 'n bona fide - tiendebetalende lidmaat van die Volle Evangelie Kerk van God vir minstens twee jaar wees voordat hy/sy aansoek mag doen vir die status van Plaaslike Prediker, en hy/sy moet ook die doping met die Heilige Gees ontvang het met die aanvangsbewys van die spreek in ander tale.

Indien 'n plaaslike prediker van een gemeente oorgeplaas word na 'n ander, verval sy sertifikaat onmiddellik.

Streeksrade is verplig om die Sekretaris Generaal in kennis te stel van die aanstelling van enige Plaaslike Prediker onder hulle toesig. Die voorgeskrewe inligting vorm moet ingevul en aan die Sekretaris Generaal gestuur word, na die aanstelling van ‘n Plaaslike Prediker, of wanneer sy/haar persoonlike inligting verander.

Sien Grondwet, Artikel 9.4.14

2. KANDIDAATLERAAR, PROEFLERAAR EN GEORDENDE LERAAR OP PROEF

Om as leraar van die Kerk te kwalifiseer, moet die applikant, na aanvaarding van sy aansoek, eers 'n proeftydperk uitdien soos deur die Uitvoerende Raad bepaal sal word.

Applikante wat nie geloofsbriewe van die bediening van 'n ander erkende Christelike organisasie ten tye van hulle aasoek besit nie, moet minstens een jaar 'n tiende betalende lidmaat gewees het van die Volle Evangelie Kerk van God voor die datum van sy/haar aansoek, en moet gedoop wees met die Heilige Gees met die spreek in ander tale as aanvangsbewys.

Aansoek moet eerstens gedoen word by die plaaslike kerkraad en as hulle dit goedkeur, word hierdie aansoek met 'n aanbeveling na die Streeksraad gestuur vir verdere ondervraging. Indien die Streeksraad die applikant aanbeveel, word sy/haar aansoek tesame met die aanbeveling na die Sekretaris Generaal gestuur wat die aansoek na die Keurraad en die Uitvoerende Raad verwys vir oorweging en moontlike finale goedkeuring.

Persone wat ten tye van hulle aansoek nog geordende predikers by 'n ander erkende Christelike organisasie is, kan direk aansoek doen by die Streekraad van die gebied waar hulle woonagtig is.

Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe aansoekvorm, verkrygbaar van die Hoofkantoor.

Om te kan kwalifiseer vir die status van Leraar, moet die volle bedieningskursus van die Volle Evangelie Kerk Kollege voltooi word, of enige ander aanvaarbare ekwivalent soos deur die Keurraad bepaal, onderhewig aan ‘n amptelike evaluasie deur die Raad van Christelike Onderwys. Applikante wat net tot op die tweede vlak van die kursus gestudeer het en wat die Diploma verdien het, mag aansoek doen om status as “Kandidaatleraar”, met dienverstande dat hulle die derde vlak van die kursus sal voltooi om die status van “Proefleraar” te bekom.

Dokumentêre bewys van ander studiekursusse wat elders afgelê was, sal ge-evalueer moet word, en die Uitvoerende Raad sal op die aanbeveling die Raad van Chrsitelike Onderwys besluit of die studies genoegsaam is en of bykomstige studies aan die kandidaat voorgeskryf moet word. Alle applikante wat net op Diploma vlak afgestudeer het sal minstens 16 modules van die VEK Kollege kursus moet aflê plus die gewone oriënteringsvakke.

'n Proeftydperk van een tot vier jaar sal uitgedien word ooreenkomstig die voorskrif van die Uitvoerende Raad, en gedurende daardie periode sal die applikant die status van Kandidaatleraar, Proefleraar of Geordende Leraar op Proef geniet.

Wanneer die proeftydperk van ‘n Proefleraar suksesvol uitgedien is, moet die leraar aansoek doen, deur die betrokke Streekkantoor, na die Sekretaris Generaal vir die goedkeuring van die Uitvoerende Raad, om geordeen te word. So 'n aansoek word op 'n voorgeskrewe vorm gedoen en moet vergesel word van 'n aanbeveling van die betrokke Streekraad.

Na afloop van sy/haar proeftydperk kan 'n leraar aansoek doen dat sy/haar bediening as die van 'n evangelis of 'n sendeling erken word, en die Uitvoerende Raad kan hom/haar dan sekondeer om onder die jurisdiksie van een of ander van die Departemente van die Kerk te dien.

'n Leraar van die Kerk (pastoor, evangelis of sendeling) is 'n bona fide - stemgeregtigde lidmaat van die Streeksraad en van die Algemene Raad van die Kerk. Hy/sy sal ook geregtig wees ooreenkomstig die voorskrif van die Grondwet om hom/haar beskikbaar te stel om op alle komitees en rade van die Kerk te dien.

'n Leraar van die Kerk (pastoor, evangelis of sendeling) sal sy/haar tiende aan die betrokke Streeksraad betaal of aan die Departement waaronder hy/sy sorteer.

Sien Grondwet, Artikel 9.2.1 - 9.4.16.2(4)

DIE BEDIENING VAN DAMES IN DIE VOLLE EVANGELIE KERK VAN GOD IN SUIDELIKE AFRIKA

1. PLAASLIKE PREDIKERS

Dames mag aansoek doen om as plaaslike predikers aangestel te word onder dieselfde voorwaardes en voorskrifte soos wat vir mans voorgeskryf is. (Sien voorskrifte elders in hierdie dokument.)

2. CHRISTELIKE WERKSTERS

Dames kwalifiseer om Christelike werksters te word as hulle die vrouens is van geordende leraars van die Kerk en hulle op die voorgeskrewe aansoekvorm, wat vanaf die Hoofkantoor van die Kerk verkrygbaar is, aansoek doen deur die plaaslike kerkraad en Streeksraad, na die Uitvoerende Raad.

Geen vereistes van 'n teologiese- of akademiese aard word vir hierdie status vereis nie aangesien hierdie status vir die eggenote van geordende leraars gereserveer word, en wat saam met hulle mans die proeftydperk voltooi het. In die geval van ‘n geordende leraar wat eers na sy ordening in die huwelik getree het, sal hierdie status deur die Uitvoerende Raad oorweeg word, met dienverstande dat daar ‘n proeftydperk voorgeskryf mag word.

APPLIKANT - VERKLARING

"Ek .....verklaar hiermee dat ek vertroud is met die prosedures vir die eksaminering van kandidate wat aansoek doen tot die bediening van die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika en ek onderwerp my vrywilliglik aan sodanige eksaminering."

.....
APPLIKANT

....
GETUIE (1) GETUIE (2)

……. …….
NAAM VAN GETUIE (1) NAAM VAN GETUIE (2)

Handtekeing van Ouer/Voog .....(waar applikant minderjarige is)

Naam van Ouer/Voog..... (waar applikant minderjarige is)

AANSOEKVORM

VIR TOETREDE TOT DIE BEDIENING VAN DIE VOLLE EVANGELIE KERK VAN GOD IN SUIDELIKE AFRIKA.

i. Hierdie vorm moet deur elke applikant persoonlik ingevul word nadat hy/sy dit noukeurig deurgelees het. Alle applikante vir die bediening van die Volle Evangelie-Kerk van God in Suidelike Afrika, moet al die vrae behoorlik beantwoord, in gebreke waarvan die aansoek nie aan die Uitvoerende Raad voorgelê mag word nie.

ii. Hierdie aansoekvorm moet vergesel word van 'n onlangse foto van die applikant en sy eggenote, indien getroud.

iii. Alle sertifikate, diplomas, briewe, getuigskrifte of enige ander bewyse wat die applikant glo tot waarde kan wees, moet die vorm vergesel. **Opvoedkundige en Teologiese sertifikate moet gesertifiseer wees en die Aansoekvorm vergesel.**

iv. Die applikant moet kennis neem dat sou die kerkraad sy/haar aansoek aanbeveel, hy/sy in kennis gestel sal word om voor verdere rade te verskyn vir onderhoude eksaminering.

v. Onjuiste inligting of die verbloeming van enige relevante feite, kan tot onverwylde diskwalifikasie, of die staking van enige verdere oorweging van die aansoek dien.

vi. Die minimum standaarde wat verlang word vir die verskillende vlakke van bediening word hieronder in die toepaslike paragrawe uiteengesit.

vii. Enige raad van die kerk wat betrokke is by die aansoek proses, mag weier om ‘n aanbeveling te maak sonder om enige redes te verstrek vir so ‘n besluit.

Voltooi in drukskrif, asseblief.

1. PERSOONLIKE INLIGTING

1.1 Van: .....

Volle Name:
.....

Geslag: ..... Nasionaliteit: .....

1.2 Permanente woonadres: .....

1.3 Posadres: .....

1.4 Identiteitsnommer: .....

1.5 Ouderdom: ..... Datum van Geboorte: .....

1.6 Telefoon nommer: (Kode: ……) ……(H) .....(W).....Sel

E-Pos Adres ……..

2. HUWELIKSTAAT

2.1 Is u getroud? ..... (Indien wel, sluit afskrif van huweliksertifikaat in.)

2.2 Indien getroud, woon u en u man/vrou saam? .....

2.3 Man/Vrou se volle name: .....

2.4 Datum van man/vrou se geboorte : .....

2.5 Huweliksdatum: .....

2.6 Is u verloof om te trou? .....

2.7 Is u 'n weduwee/wewenaar? .....

2.8 Was u ooit geskei? .....

2.9 Was u man/vrou ooit geskei? .....

2.10 Indien u kinders het, meld getal: .....

Ouderdomme: .....

3. GESONDHEID

3.1 Wat is u gesondheidstoestand? .....

3.2 Gebruik u enige medikasie en indien wel waarvoor en vir hoe lank?

.....
.....
.....

3.3 Wat is die toestand van u man/vrou en kinders se gesondheid?

.....
.....
.....

3.4 Is u of u eggenoot/eggenote 'n algehele onthouer van alkohol, tabak en gewoonte- vormende dwelms?.....

4. ALGEMENE AGTERGROND

4.1 Waar het u die afgelope tien (10) jaar gewoon?

.....
.....
.....
.....
.....
.....

4.2 Verstrek hieronder 'n lys van vyf (5) persone se name sowel as adresse en telefoon nommers wat u die afgelope vyf (5) jaar goed geken het:

i. .....
.....
.....

ii. .....
.....
.....

iii. .....
.....
.....

iv. .....
.....
.....

v. .....
.....

4.3 Handig drie (3) getuigskrifte in van betroubare persone wat u die afgelope vyf (5) jaar goed ken. (verkieslik persone wat lidmate van u gemeente is).

5. GODSDIENSTIGE AGTERGROND

5.1 Aan watter kerk het u ouers behoort en het u in groot geword?
.....

5.2 Wanneer u is wedergebore? .....

5.2.1 In watter omstandighede? .....

5.3 Het u sedertdien teruggeval? .....

5.3.1 Indien so, wanneer is u herstel? .....

5.4 Is u gedoop in water deur onderdompeling? .....

5.4.1 Plek ..... Datum ...../...../.....

5.4.2 Op welke wyse, enkelvoudig of drievoudig? .....

5.5 Het u die doping met die Heilige Gees ontvang ooreenkomstig Handelinge 2:4, met die teken van spreek in ander tale? .....

5.6 LIDMAATSKAP

5.6.1 Gee die naam van u plaaslike gemeente en Streekraad waaraan u verbonde is en onder wie se toesig u dein.

Gemeente ..... Streek .....

5.6.2 Hoe lank is u nou al 'n lidmaat van die Volle Evangelie Kerk? .....

5.6.3 Wat was die hoof beweegrede waarom u by die Volle Evangelie Kerk aangesluit het?
.....
.....
.....

5.6.4 Meld die gemeentes en die tydperke waarin u 'n lidmaat gewees het?
Gemeentes: ..... van ..... tot .....
..... van ..... tot .....
..... van ..... tot .....

5.6.5 Indien u van gemeente(s) gewissel het, wat was die beweegredes?
.....
.....
.....
.....

6. GODSDIENSTIGE AGTERGROND VAN U MAN/VROU

6.1 Hoe lank is hy/sy reeds lidmaat van die Volle Evangelie Kerk? .....…….

6.2 Het hy/sy aan enige ander kerkgenootskap voorheen behoort? .....……

6.2.1 Indien so, waarom hy/sy, sy/haar lidmaatskap daar beëindig het?

.....……

6.3 Wanneer het hy/sy tot bekering gekom?

Plek .....……..... Datum .....…….....…….....…….....

6.4 Is u man/vrou gedoop in water deur onderdompeling? .....……

6.4.1 Plek ....……..... Datum .....….....…….....…….....

6.4.2 Op welke wyse, enkelvoudig of drievoudig? .....……..

6.4 Het u man/vrou die doping met die Heilige Gees ontvang ooreenkomstig Handelinge 2:4, met die teken van spreek in ander tale?
……

6.5 Wat is u man/vrou se houding jeens u aansoek tot die bediening?

.....…….

7. GODSDIENSTIGE AGTERGROND VAN U KINDERS

7.1 Dien u kinders die Here?

.....…….

.....……

7.1.1 In watter kerk/gemeente?

.....…….

7.1.2 Indien nie in die Volle Evangelie Kerk nie, wat is die redes?

.....…….

.....…….

8. SEKULÊRE KWALIFIKASIES

8.1 Gee volle besonderhede van u hoogste opvoedkundige kwalifikasies. (Matriek is ‘n vereiste)

.....

8.2 Het u enige ander sekulêre kwalifikasies? .....……..

Indien wel, verstrek besonderhede: .....…….
.....…….
.....…….
.....…….

8.3 Watter ander sekulêre kursusse het u voltooi? (Sluit afskrifte van u sertifikate of diplomas in)

……

……

……

……

8.4 Het u enige sekulêre leiersposisie beklee? .....……..

Indien wel, beskryf: .....…….

.....…….

……

9. BEROEPSINLIGTING

9.1 Wat is u huidige beroep? .....……

9.2 Indien u ander beroepe beoefen het, noem die werkgewer, die beroep en die jare diens in elke afsonderlike beroep.

.....……
.....……
.....……
.....……
.....……
.....……

9.3 Verstrek die name en adresse van u werkgewer(s) van die afgelope drie (3) jaar tot op hede.

…….....……..
.....……
.....……
…….

9.4 In watter katagorie val u huidige (gros) salaris pakket per maand?
(merk met 'n kruis waar van toepassing)

Onder R5,000-00	R5 tot R10,000	R10 tot R20,000-00	Meer as R20,000-00

10 BEDIENINGSINLIGTING

10.1 Is u tans of was u 'n Geordende Leraar ? .....……

10.1.1 Indien wel, sedert wanneer? .....……
(Heg dokumentasie aan)

10.1.2 Van watter Kerk of Genootskap? .....……
(Heg dokumentasie aan)

10.2 Staan u tans onder tug van enige kerkgenootskap? ….....……

10.3 Was u ooit onder tug geplaas deur enige kerkgenootskap?.....……

10.4 Was u ooit op 'n kriminele of siviele oortreding in die hof skuldig bevind? .....……..

Indien wel, verstrek besonderhede….....……..
.....……

10.5 Doen u aansoek vir status as, **Kandidaatleraar, Proefleraar, Geordende Leraar op Proef of Ministeriële Student?**

.....……

10.6 Wanneer het u die roeping tot die bediening ontvang? .....……
.....……

Beskryf u begrip van "roeping" en die omstandighede waaronder u die roeping ontvang het:

.....……..
.....……
.....……

10.7 Watter Teologiese studies het u voltooi?
.....…….....
……..

10.8 Watter **ander** kursus/se het u voltooi? (Sluit afskrifte van sertifikate of diploma/s in):

.....……

.....……

10.9 Het u ooit 'n Bybelskool as ‘n voltydse student bygewoon? Indien wel, watter Skool?

.....……

10.10 Is u leesgierig?

.....……

10.11 Is u van voorneme om uself verder deur studies te bekwaam? …….

Verskaf besonderhede .....

11 ORIENTASIE T.O.V. KERKLEERSTELLING EN STRUKTUUR

11.1 Het u 'n Grondwet van die Volle Evangelie Kerk van God in u besit? .....

11.2 Wanneer en waar het u dit die eerste maal onder oë geneem?

.....……..

.....……..

11.3 In watter mate sou u sê moet die Grondwet afdwingbaar wees?

.....……

.....……

.....……

11.4 Watter rol sou u sê moet die Grondwet in die administrasie en bestuur van die Kerk speel?

.....……

.....……

11.5 Aanvaar u kerklike gesag en dissipline?.....

11.6 Glo u van harte in die leerstellinge soos uiteengesit in die Grondwet van die V.E.K.?.....

11.7 Is u gewillig om te arbei in volle samewerking met u broeders en ooreenkomstig die Grondwet van die Volle Evangelie-Kerk van God in Suidelike Afrika, soos van tyd tot tyd gewysig?

.....……..

11.8 Kan u 'n taak in samewerking met ander persone aanpak en uitvoer?

.....…….

11.9 Glo u dat die spreek in vreemde tale die aanvangsbewys van die doping met die Heilige Gees is? .....……

11.10 Onderskryf u die beginsel van Goddelike genesing in u bediening soos deur die Skrif voorgestaan? .....……..

11.11 Glo u aan die Wegraping van die Kerk? .....…..……..

11.12 Volgens u opinie bestee u genoegsame tyd aan gebed?. .....Hoeveel tyd per week spandeer u gemiddeld in gebed?.....

11.13 Onderskryf u vas en gebed as deel van u toewyding? .....…….

12. GEMEENTELIKE BETROKKENHEID

12.1 Watter ondervinding het u gehad in Christelike werk? Gee volledige besonderhede?

.....……....

……

……

12.2 Watter mate van sukses het u gehad in die wen van siele?

……

…….....……

12.3 Woon u die volgende dienste in u plaaslike gemeente by?
Biduur ..…….....…….
Jeugdiens …….....……
Sondagoggend ..…….....……..
Sondagaand …….....……

12.4 Hoe dikwels het u in die verlede geleentheid gehad om te preek? Verstrek besonderhede:

.....……..

Hoeveel keer per maand: ..……..... en by watter geleenthede: .....……
.....……

12.5 Het u al die sakrament van die doop bedien? .....…….

12.6 Het u al 'n baba toegewy? .....…….

12.7 Het u al 'n begrafnis waargeneem? .....……..

12.8 Het u al as Voorsitter van 'n Kerkraad opgetree? .....……

12.9 Watter amp/te beklee u tans in die gemeente? (Indien enige)

.....……

12.10 Dui aan in watter hoedanigheid u en u gesin aktief in die gemeente betrokke is:

Kerkraad .....……
Evangelisasie .....…….
Musiek .....……
Vrouebediening .....……..
Jeugbediening …….
Sondagskool ……
Welsyn .....……
Administrasie .....…….
Huisbesoek .....……..
Selgroepe .....…….
Bidure .....……
Bybelstudie .....……
Enige ander .....…….

13. <u>SOSIALE BETROKKENHEID</u>

13.1 Dui aan of u by enige van die volgende instansies betrokke is in u dorp of stad :

Welsynsorganisasies .....…….
Onderwys (skool) .....……..
Kultuur .....…….
Kuns .....…….
Sport .....…….
Politiek .....……...
Jeugleiding .....…….
Militêr/Reservis/Burgerlike Beskerming .....……
Verpleging/Noodhulp .....……
Interkerklike Organisasies .....……
Omgewingsbewaring .....……..
Enige ander stokperdjie .....……..

14. FINANSIëLE INGESTELDHEID

14.1 Wat is u siening ten opsigte van krediet?
.....
.....

14.2 Verskaf twee firmas as verwysings by wie u kredietfasiliteite geniet het.
i. .....
ii. .....

14.3 Was u 'n getroue bydraer ten opsigte van u tiendes en bydraes? .....

14.4 Was u al ooit insolvent of onder geregtelike bestuur geplaas?
.....

Indien wel, verstrek datum van rehabilitering: ...../...../.....

14.5 Is u gewillig om die volle tiende van u inkomste in te betaal aan die Streekraad of ander Raad waaronder u gaan sorteer, ingevolge die Grondwet?
.....

14.6 Het u skulde? .....

14.6.1 Hoeveel? .....

14.6.2 Leef u, volgens u mening, binne u inkomste? .....

14.6.3 Is u stiptelik met die vereffening van rekeninge en die nakom van finansiële verpligtinge?

.....

15. PERSOONLIKE BELANGSTELLINGS OF STOKPERDJIES

15.1 Noem enige persoonlike belangstellings of stokperdjies wat u mag hê:

.....

.....

.....

16 ALGEMEEN

16.1 Is u gewillig om die volle program van die Kerk te onderskryf soos in die Grondwet uiteengesit met besondere verwysing na Artikel 9, seksie 5 van die Reglemente ?

.....

16.2 Is u gewillig om die reëls van die Voorsorgfonds soos van tyd tot tyd gewysig, te onderskryf?

.....

16.3 Is u bereid om u bediening te beoefen op enige plek waar die Kerk u mag benodig?

.....

16.4 Is u bewus van enige verpligtinge wat u sal verhinder om die heeltydse bediening te beoefen?

.....

.....

16.5 Wanneer sal u tot die bediening kan toetree? .....……

16.6 Is u onmiddellik gereed om die volle verantwoordelikheid van 'n gemeente te aanvaar?

.....…….

16.7 Wat is u toekomsverwagting van u bediening in die V.E.K.?

.....…….

16.8 Is u bereidwillig om seminare/opknappingskursusse soos van tyd tot tyd aangebied word, by te woon?

……...

17 VERKLARING DEUR APPLIKANT

Ek die ondergetekende verklaar plegtig hiermee dat ek die voorafgaande inligting deeglik bestudeer het en dat ek die inhoud volkome begryp en dat ek die vrae na die beste van my vermoë voltooi het, en dat al die inligting deur myself verskaf juis en waar is.

Dat ek ten volle saamstem met die oortuigings van die Volle Evangelie Kerk van God te opsigte van die leringe van die Heilige Skrif aangaande sake rakende morele gedrag en lewenswyse.

Dat ek verder onderneem om die leierskap van die kerk onmiddellik in te lig indien my oortuiginge of lewenswyse sou verander ten opsigte van enige van die volgende:

a) Voorhuwelikse omgang
b) Pornografie
c) Homoseksuele beoefenings lewenswyse
d) Seksuele wangedrag
e) Kindermolestering
f) Molestering van gade
g) Huwelik

Dat, indien my oortuiginge of gedrag ten opsigte van hierdie sake, of enige ander, teenstrydig soublyk te wees, ek blootgestel sal wees aan ontslag volgens die absolute goeddunke van die kerk leierskap, op voorwaarde dat e die geleentheid gegun word om my oortuigings te stel en te verdedig volgens die beginsels van billike geregtigheid.

Dat, ongeag my pligte of verantwoordelikhede in die kerk, ongeag of dit leierskap of lering insluit, of nie, dit ten alle tye van my verwag word om ‘n uitmuntende rolmodel te wees in alle aspekte rakende geloof en optrede, veral (maar nie uitsluitlik nie) ten opsigte van bogenoemde morele aspekte.

Ek onderwerp myself vrywilliglik en volkome aan die grondwet van die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike-Afrika.

HANDTEKENING.....(applikant)

..... (eggenote as getuie)

ALDUS VOOR MY GETEKEN TE .....….

OP HIERDIE, DIE .....DAG VAN .....20.....

HANDTEKENING.....(OPSIENER/PLAASLIKE LERAAR)

HOEDANIGHEID: .....……

DATUM VAN FOTO: .....……

DOKUMENTE INGESLUIT:

1. Afskrif van Huweliksertifikaat.
2. Afskrif/te van sertifikate en diplomas van Sekulêre, Teologiese en Opvoedkundige prestasies.
3. Foto
4. Getuigskrifte (3)
5. Finale Egskeidingsbevel EN verslag vanaf Applikant SOWEL as vorige eggenoot/eggenote (waar van toepassing).
6. Bewys van rehabilitering (waar van toepassing).
7. Afskrif van eerste bladsy van identiteitsdokument.

VERTROULIKE KEURINGSVRAELYS

(AAN WERKGEWER VAN DIE APPLIKANT)

DIE SEKRETARIS-GENERAAL
DIE VOLLE EVANGELIE KERK VAN GOD
POSBUS 40
IRENE
0062

HIERDIE VORM MAG, VOLGENS DIE GOEDDUNKE VAN DIE WERKGEWER, AAN DIE APPLIKANT TERUGGEGEE WORD, OF GEFAKS WORD NA 012 6671076 OF GEPOS WORD NA BOGENOEMDE ADRES.

NAAM VAN APPLIKANT: .....

ADRES: .....

.....…

1. REFERENT:

   Pos/Amp: .....

2. Naam: (Drukskrif): .....

3. In watter hoedanigheid en hoe lank ken u die applikant?

   .....

4. Hoe sou u sy/haar maniere en geaardheid beskryf?

   .....

5. Word hy/sy aanvaar in die kring waar u hom/haar ken?

   .....

6. Hoe tree hy/sy op as hy/sy onder druk werk?

   .....

7. Dra u kennis van enige siviele of kriminele vervolging wat teen hom/haar in 'n Burgerlike Hof ingestel is? Indien wel, wat was die aard van die aanklag en die uitslag daarvan?

   .....

8. Hoe sou u sy/haar pligsgetrouheid en betroubaarheid kortliks opsom?

.....

9. Hoe sou u sy/haar houding teenoor gesag en dissipline beskryf?

.....

10. Kan hy/sy 'n taak in samewerking met ander mense aanpak en uitvoer?

.....

11. Is sy/haar finansie"le posisie na u mening, in die algemeen gesond, en weet u of hy/sy al ooit vir skuld gedagvaar is?

.....

12. Volgens u opinie, leef die applicant sy/haar godsdiens uit?

.....

13. Hoe sou u sy/haar sedelike lewe opsom?

.....

14. Wat is u indrukke van sy/haar huwelikslewe?

.....

15. Weet u van enige gedragsafwykings by hom/haar?

.....

16. Beskik u oor enige verdere inligting van hom/haar wat van belang sal wees vir die Kerk?

.....

HANDTEKENING: .....

HOEDANIGHEID: .....

DATUM: .....

(Bogenoemde inligting word as streng vertroulik beskou)

VERTROULIKE VRAELYS WAT DEUR DIE KERKRAAD BESPREEK EN VOLTOOI MOET WORD.

LET WEL: HIERDIE VORMS MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE WEER IN DIE HAND VAN DIE APPLIKANT KOM NIE VANWEË DIE FEIT DAT DIT STRENG VERTROULIK IS.

NAAM VAN APPLIKANT: .....……..

PLAASLIKE PASTOOR:.....…..……..... GEMEENTE: .....….....……

TELEFOON NR: .....……..

SEKRETARIS: .....……..

TELEFOON NR: .....…….

RIGLYNE:

i. Die aansoekvorm wat deur die applikant ingevul is moet punt vir punt bespreek word, in sy/haar teenwoordigheid.

ii. Enige verdere vrae wat meer inligting op die applikant se roeping en bediening kan gee, moet aan hom/haar gestel word.

iii. Daarna moet die applikant van die vergadering verskoon word, en die meegaande vraelys moet deur die Kerkraad bespreek en ingevul word.

iv. Nadat die Kerkraad die applikant ondervra het en die vraelys ingevul is, en indien dit die mening is dat die applikant nie vir die bediening kwalifiseer nie, moet die Kerkraad hom/haar skriftelik dienooreenkomstig verwittig.

v. So 'n aansoek word in 'n ernstige lig beskou, en daarom word die Kerkraad versoek om die saak met erns en versigtigheid te hanteer.

vi. Lees asseblief die inligting rakende die verskillende bedieninge deeglik.

VRAELYS:

1. Tydperk van lidmaatskap, van applikant in die plaaslike gemeente?
.....……

2. Hoe invloedryk sou u sê is die kandidaat in die gemeente?
.....……

3. Het die kandidaat enige familie in die gemeente? .....…….
.....…….

4. Indien die antwoord "ja" is, watter rol speel hulle en hoe aktief is hulle in die gemeente?
.....……..
.....……

5. Die kandidaat se beskrywing van hoe en waar hy/sy van sy/haar roeping bewus geword het.
.....……
.....……..

6. Hoe lank is u as raad bewus van die roeping op die kandidaat se lewe?
.....

7. Op watter gronde basseer u u oortuiging van die kandidaat se roeping?
.....

8. Wat het u as raad gedoen om hierdie roeping uit te bou? .....
.....

9. Dink u as raad dat die kandidaat reeds bewys van sy/haar roeping gelewer het? .....
.....

10. Het die applikant slegs met tussenposes tekens getoon van 'n moontlike roeping, of is hierdie tekens al sigbaar oor ‘n tydperk van ten minste 12 maande?
.....

11. Op watter rade het die applikant gedien, in watter hoedanigheid en vir watter tydperk?
.....
.....
.....

12. Dien die applikant op die kerkraad? Indien nie, wat is die redes?
.....
.....

13. Watter leiereienskappe openbaar die applikant? .....
.....
.....

14. Tot watter mate word die applicant deur die gemeente aanvaar? .....
.....

15. Is u van mening dat die applikant oor genoeg lewenservaring beskik om herder van 'n gemeente te kan wees? ….....
.....

16. Hoe sou u sy/haar mate van volwassenheid beskryf? .....
.....

17. Was die applikant in enige gemeente krisis of geskil betrokke en hoe het hy/sy dit hanteer?
.....
.....
.....

18. Hoe reageer die applikant onder druk? .....
.....

19. Watter mate van sensitiwiteit toon die applikant vir ander se behoeftes en gevoelens?…….....

.....

20. Het die applikant al 'n diens waargeneem? .....

21. Het die applikant al by 'n diens gepreek? .....

22. Wat was u indrukke van die inhoud en oordrag van die boodskap?

.....

.....

23. Indien hy/sy nog nie die geleentheid gegee was om in die gemeente op te tree nie, wat is die redes hiervoor?.....
.....……..

24. Sal u as raad die applikant met vrymoedigheid die geleentheid bied om in ‘n diens op te tree?
.....……

25. Indien nie, wat sou die rede wees? .....…….
.....…….
.....…….

26. Sal u sê dat die kandidaat oop is vir oortuiging en verandering (leerbaar)?
.....……
.....……

27. Kan die kandidaat standpunt vir sy/haar oortuigings inneem? .....…….
.....……

28. Sal u sy/haar vasberadenheid as standvastigheid van karakter of hardkoppigheid beskryf?
.....……

29. In watter mate onderwerp die kandidaat hom/haar aan gesag en dissipline?
.....……

30. Is die kandidaat stiptelik, georden en betroubaar in die uitvoering van sy/haar opdragte?
.....……
.....……

31. Is die kandidaat 'n voorbeeld vir andere? .....…….

32. Watter mate van deelname toon die kandidaat tydens dienste? .....……..
.....…….

33. Word hy/sy in die Gawes van die Heilige Gees gebruik? .....……..
.....…….

34. Is hy/sy betrokke by die sielesorg/altaarwerk/opvolgwerk of evangelisasie uitreiking?
.....…….....……
.....…….

35. Nooi hy/sy persone uit na die dienste? .....……

36. Hoeveel persone het asgevolg van sy/haar bemiddeling, lidmate geword?
.....…….

37. Hoe sou u sy/haar Skrifkennis beskryf? .....…….
.....…….

38. Is hy/sy 'n ywerige student van die Woord? .....……..

39. Indien hy/sy getroud is, hoe sou u die huweliksverhouding beskryf?
.....……

40. Watter rol speel sy/haar eggenote/eggenoot in die gemeente?
.....……

41. Hoe sou u die kandidaat se vrou sien in die rol van pastoriemoeder? .....
.....…….
.....…….

42. Watter eienskappe beskik sy oor wat volgens u mening haar 'n ideale pastoorsvrou sou maak?
…….....……
.....……..
.....……

43. In watter areas, dink u, het die applikant verdere begeleiding, opleiding en ontwikkeling nodig?
.....…….
.....……
.....……

44. Hoe sou u sy/haar menseverhouding vaardighede beskryf? .....……
.....……

45. Is u van mening dat die eggenote van die applicant sy/haar eggenoot in die bediening sal ondersteun?
.....…….……...
.....……

46. Sal u sê dat daar aanduidings is dat die eggenote ook oor 'n roeping beskik, of besit sy bloot eienskappe wat haar 'n goeie pastoorsvrou sal maak?
.....……
.....……

47. STAAT VAN TIENDE INBETALINGS VIR DIE LAASTE TWAALF MAANDE DEUR DIE APPLIKANT <u>VOOR</u> DIE AANSOEK GELOODS IS

MAAND	BEDRAG	MAAND	BEDRAG
1.	R	7.	R
2.	R	8.	R
3.	R	9.	R
4.	R	10.	R
5.	R	11.	R
6.	R	12.	R

48. IS DIE TIENDE BETALINGS RELATIEF TOT DIE INKOMSTE SOOS DEUR APPLIKANT BEKEND GEMAAK?

……...

VERKLARING DEUR KERKRAAD:

Ons as lede van die Kerkraad van die..... gemeente verklaar hiermee dat ons op die ..... dag van ..... 20..... 'n onderhoud met die kandidaat ..... gevoer het waartydens die vraelys en aansoekvorm behoorlik en in diepte behandel is.

Na ernstige gebed en oorweging wens ons die volgende aanbeveling te maak:

1. Ons die ondergetekende raad wens hiermee te bevestig dat dit ons oortuiging is dat genoemde kandidaat wel 'n roeping het en hom/haar met vrymoedigheid aanbeveel vir oorweging vir toelating tot die BEDIENINGSORDE van die Kerk vir Christelike diens; of,

2. Dat na inagneming van die feite ons nie ons weg oop sien om genoemde kandidaat op hierdie stadium aan te beveel vir oorweging tot die BEDIENINGSORDE nie, maar wel vir toelating tot die OPLEIDINGSINSTANSIES van die Kerk vir verdere voorbereiding.

3. Dat ons nie bereid is om enige aanbeveling op hierdie stadium te maak nie.

(Skrap gedeeltes wat nie toepaslik is nie).

GETEKEN …… GETEKEN …….

PASTOOR .....……..... SEKRETARIS .....…….....……
(naam) (naam)

DATUM VAN KERKRAAD VERGADERING .....……......./.....……......./20…….....

VERTROULIKE VERSLAG WAT DEUR DIE STREEK (BESTUUR)
INGESLUIT MOET WORD WAT DIE VOLGENDE ONDERWERPE/ASPERKTE SAL DEK :-

Naam van applikant: .....

Plaaslike gemeente: ..... Pastoor: .....

Opsiener: ..... Sekretaris: .....

Telefoon nr: ..... Telefoon nr: .....

1. Teologiese en Leerstellige begrip van die standpunte van die Kerk soos in die Grondwet uiteengesit.

2. Begrip van die Administratiewe strukture en prosedures van die Kerk soos in die Grondwet uiteengesit.

3. Begrip van die "roeping" tot die pastorale of ander bedieningsvelde.

4. 'n Profiel van die applikant in gesinsverband en van die familie van die applikant.

5. Evaluering van teologiese / sekulêre kwalifikasies waar nodig (moet deur die RCO gedoen word voor die aansoek aan die Keurraad voorgelê kan word).

6. Persoonlike voorkoms.

7. Kommunikasie vaardigheid.

8. Algemene inligting.

HANDTEKENING:

STREEKOPSIENER : …..... SEKRETARIS : ….....

Naam van Streekopsiener: …….. Naam van Sekretaris:…….....

DATUM : .....

'**N SKRIFTELIKE VERSLAG WAT DIE BOGENOEMDE ASPEKTE BEVAT <u>MOET</u> HIERBY AANGEHEG WEES.**